# Die Sierduif
**Desember / December 2025**
# The Fancy Pigeon

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe



**GESEËNDE CHRISTUS FEES EN VOOR-SPOEDIGE NUWE JAAR AAN AL DIE DUIWE VRIENDE EN HULLE GELIEFDES**

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## Ere-Presidente / Honorary Presidents

*Mnr. Warren Klopper* | *Mr. Clive Druce* | *Mr. Stewart Patterson* | *Mnr. Wynand Wessels*
*Ds. Renier Lee* | *Mnr. Pierre le Roux* | *Ds. Hennie Hattingh*

## Uitvoerende Komitee / Executive Committee

### Nasionale / National President

**Dirk Scholtz, Posbus 21110, Nelspruit. 1200 Sel: 082 452 4229 E-pos: dirk@harmonie@co.za**

### Nasionale Vise-President / National Vice-President: (Gekoöpteer)

**Leendert Snyman, Posbus 41, Griekwastad, 8365, Sel: 083 286 8496, E-pos leendert270@gmail.com**

### Nasionale Sekretaris / National Secretary: (Gekoöpteer)

**Vakant / Vacant**

### National Treasurer / Nasionale Tesourier:

**Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com**

### National Ring Master / Nasionale Ringmeester:

**Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,**
**E-pos: safpa.rings@telkomsa.net**

### Nasionale Redakteur / National Editor:

**Cora Munnik, 37 Protea St, West Driefontein, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com**

### Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:

**Christo Munnik, 37 Protea St, West Driefontein, Carletonville, 2499 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com**

### Nasionale Jeugverteenwoordiger / National Youth Representative

**Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082-855-0089 E-pos: pietodendaal01@gmail.com**

### Webmeester / Webmaster

**Marleen Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel:** 061 661 7420
**E-pos: marleenesterhuizen@gmail.com**

### Streekverteenwoordigers / Region Representatives

**Noord-v-d-Vaal:** **Tommy Laubscher, 14 Drakenstein St, Culemborg Park, Randfontein, 1759 Cell 082 454 0484**
**E-pos:** tommy@protectorgroup.co.za

**Vrystaat:** **Vakant / Vacant**

**Wes Kaap:** **Pieter Neethling, 21 St Thomas Street, Malmesbury, 7322 Sel: 081 397 9960**
**E-pos: thehaircorporation12@gmail.com**

**Noord-Vrystaat:** **Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,**
**E-pos: pietodendaal01@gmail.com**

**Oostelik Streek:** **At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,**
**E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com**

**Noord Kaap:** **Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,**
**E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com**

**Oostelike Provinsie:** Johnny Rudman, Posbus 87, Seaview, Nelson Mandela Bay, 6011 Sel: 0839554607,
E-pos: johnnyrudman49@gmail.com

**Suid Westelike Distrikte:** **Arthur Muller, Condonstraat 37, Oudtshoorn, 6620 Sel: 072 821 9400**
**E-pos Amuller@capekarooint.com**

**Wes-Transvaal:** **Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,**
**E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com**

**KwaZulu-Natal:** **Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,**
**E-Pos: duanesschwarz70.co.za**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420


National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Algemene inligting van die SASV 2
Voorwoord - Leendert Snyman 3
Kers-en Nuwe Jaarswense 4
AJV Noord Van Die Vaal Sierduifstreek - Chris de Bruin 5
Kleurteling, die veld lê braak!! - Seppie Esterhuysen 7
Scoreboard and rules 11



***Verjaarsdae / Birthdays***

| | | |
|---|---|---|
| A057 - | Cyril Jasper | 1-Jan |
| H019 - | Tom Ryke | 1-Jan |
| K012 - | Ryan vd Schyff | 2-Jan |
| H043 - | André Grobbelaar | 6-Jan |
| H017 - | Danté Pelser | 9-Jan |
| B038 - | Cullem Lee | 15-Jan |
| N026 - | Wayne Nicholson | 17-Jan |
| W075 - | Nardus Marais | 19-Jan |
| J034 - | Evan Bell | 20-Jan |
| W001- | Routjie Roux | 24-Jan |
| B008 - | Phillip Swemmer | 24-Jan |
| D045 - | Awie Esterhuizen | 26-Jan |
| N057 - | JM & KJ Lofts | 29-Jan |
| V052 - | Karlien van Tonder | 31-Jan |



## Voorwoord

Leendert Snyman
Nasionale Vise-President


Wees gegroet alle duiwe vriende.

Nog ñ jaar het tot ñ einde gekom en ons kan ons hemelse Vader net dank vir al sy goedheid en genade in 2025. Daar was hartseer en uitdagings vir baie van ons in 2025, en daar is nogsteeds hartseer en beproewing by baie van ons lede in die tyd wat ons almal wil feesvier. Ons dink aan julle en ons bid julle alle sterkte en seën toe.

2025 het baie opgelewer vir ons as duiwe vriende, ons het ñ baie goeie en geseënde skou seisoen agter die rug. Ons het ñ nuwe Nasionale President wat ñ groot taak op sy skouers neem. Dirk, dankie vir jou bereidwilligheid en toewyding om hierdie taak aan te pak en baie sterkte vir 2026.

Kom ons pak 2026 by die horings, en ons gee alles wat ons het vir ons stokperdjie. Dit is iets wat ons hemelse Vader aan ons toevertrou het. Daar is ñ paar uitdagings wat vir ons voorlê in 2026, maar saam as duiwe vriende sal ons die beste daarvan maak. Sterkte aan elke lid en streek vir die 2026 seisoen.

Ons nader dan nou ook die tyd wat ons die geboorte van ons Here Jesus Christus herdenk. Mag elk van u die seën van ons Here Jesus Christus se geboorte in die feestyd ervaar. ñ Baie geseënde Christusfees word u elkeen toegebid. Wees veilig en geniet die tyd saam met u familie en vriende.
Vir die liefde en behoud van sierduiwe.
Groete



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 061 661 7420
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# KERS- EN NUWEJAARSWENSE

Ons wens al die SASV lede ‘n Geseënde Kersfees toe.
Mag dié een gevul wees met vreugde, vrede, en lekker samesyn met familie en vriende.
Ook wens ons almal geluk en voorspoed toe vir 2026.

Kersgroete.

Dirk en Philna Scholtz

Wishing all SAFPA fanciers a very Merry Christmas.
May this one be filled with joy, peace, and wonderful moments with family and friends.
Also wishing you a happy and prosperous 2026.

Christmas greetings.

Dirk and Philna Scholtz



So staan ons voor 2025 se agterdeur. Ons is almal by die voordeur in en voor ons onsself kon kry staan die agterdeur oop en 2026 klap sy vlerke soos ’n wafferse sierduif vir ons.

Wat `n jaar was dit net nie. Weereens met soveel uitdagings, maar ons staan sterk en glo en vertrou 2026 gaan beter wees.

Baie van ons is deur moeilike tye en beproewings die jaar. Party lede of geliefdes van lede was of is steeds baie siek. Ander moes die groot geloofstap geneem het en die Here vertrou met die pad wat Hy vir hulle uitgekies het. Ons dink aan hulle wat hierdie Kersfees sonder ‘n geliefde moet vier. Kyk op, julle weet waar julle anker is en onthou daar is nogsteeds baie duiwevriende wat net ’n oproep of WhatsApp boodskap vêr is. Moenie moed verloor nie. Hiermee wil ons ook net vir almal sê, wees dankbaar vir alles wat jy nog het en vir alles wat jy nog kan doen.

Ongeag wat 2025 na ons kant toe gegooi het, wil ons elke persoon bedank vir sy/haar ondersteuning. Weer het ons gesien, mense verskil maar ons kan nooit almal tevrede stel nie. Ongeag die verskille, kon ons ook darem baie lag en was daar ook meer as genoeg vriende wat ons met hulle grappe beter laat voel het.

Met hierdie wil ek regtig vra, dat almal in 2026 sal saamwerk. Los die humeure, ontevredenheid en alles wat altyd opvlam by Skoue, ook op duiwegroepe ens, by 2025 se agterdeur en kom leef jou passie uit met jou duiwe en kom kuier lekker by almal op al die Skoue wat jy kan bywoon in 2026.

Laat ons 2026 met opgewondenheid groet. Onthou jou familie, vriende en almal wat jou pad kruis is kosbaar en is daar vir ’n rede. Moenie dat spyt jou iewers by een van die kruispaaie kry nie, dan is dit te laat.

Ek sluit af met net die mooiste wense van my, Theresa en die Noord van die Vaal span vir ieder en elk saam met julle geliefdes en vriende hierdie Kerstyd en wens julle ook ’n Geseënde en wonderlike 2026 toe.

Chris en Theresa de Bruin & Noord van die Vaal Span



Die einde alweer hier

So het nog ‘n jaar verby gevlieg waar almal aan verskeie duiwe skoue deelgeneem het. Van Wes-Tvl se kant af wil ons graag die hele duiwe-familie ‘n geseënde kersfees en ‘n voorspoedige nuwe jaar toewens. Mag die nuwe jaar net voorspoed en die nuwe generasie Kampioene inhou.

Duiwe groetnis
Wes-Tvl



Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2026

Vanaf die Esterhuizen gesin in Klerksdorp wens ons almal ‘n geseënde Kersfees en ‘n voorspoedige nuwe jaar. Vir die wat op die paaie gaan; wees versigtig en kom veilig terug. Kom ons vat hierdie nuwe jaar en gaan groot en voluit in alles wat aangepak word.

Duiwe Groete
Awie, Daleen en Marleen



OP Region. We wish you a Merry Christmas and a prosperous New Year. Greetings Johnny Rudman

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Aan al ons duiwe vriende 'n geseënde Kersfees!!. Mag julle Sy vrede en vreugde elke dag ervaar. Mag die Nuwejaar, 2026, vir elkeen van julle 'n besondere jaar wees!!
Warm Noordkaap groete!!
Seppie Esterhuisen

Duiwe vriende,

Ek wil graag vir almal baie dankie sê vir jul raad.. vriendskap en altyd se lekker kuier op die skoue.. Lekker om deel te wees van die groot familie..

Dankie aan my mentors dat jul nie moed opgee met my nie.. altyd vriendelik en bereid om goeie raad te gee en soms my ore te trek wanneer dit nodig is..
Die vriende wat op die pad is gedurende die Feestyd wees ASB veilig..

Geseënde Kersfees aan almal en ñ geseënde geveerde 2026..

Groete die 2 Roodtjies Helene en Chris

Namens Noord-Vrystaat Streek wens ons u elkeen 'n geseënde Kerstyd saam met u familie toe. Mag julle God se seën ervaar. Waardeer elke oomblik saam met julle geliefdes. Mag julle ook 'n voorspoedige 2026 geniet.
Onthou om mooi om te sien na julle duiwe!
Piet Odendaal



## ALGEMENE JAARVERGADERING: NOORD VAN DIE VAAL SIERDUIFSTREEK: 15 NOVEMBER 2025

Chris de Bruin

Noord van die Vaal Sierduifstreek se Algemene Jaarvergadering het op 15 November 2025 aan huis van Tommy Laubscher te Randfontein plaasgevind. Die vergadering was bygewoon deur 'n rekord getal van 13 lede met 9 lede wat verskoning gemaak het en nie die vergadering bygewoon het nie. Freddie Theron en Rob Poley is beide oud-lede wat weer by die SASV aangesluit het en ons sê vir hulle altwee welkom terug.

Beplanning was gedoen vir 2026 en daar word duiwe-uitstallings vir bekendstelling van die Streek en ons duiwe stokperdjie, 'n duiwedag vir Noord van die Vaal se lede en ons gebruiklike Streekskou, beplan.

Tommy het ook vir ons gewys hoe lyk dit as 'n kit goed afgerigte SA Distance Rollers in die lug hul ding doen. Geluk Tommy dit is duidelik dat jou duiwe weet wat van hulle verwag word.

Noord van die Vaal se lede het oor die algemeen baie goed gedoen gedurende 2025 op Streekskoue en Gerhard van Aswegen en Heinrich Moldenhauer het beide Nasionale Ere-Kleure ontvang. Onderskeidelik Gerhard van Aswegen vir Beoordelaar en Heinrich Moldenhauer vir Teler.

As Streek het ons ook die volgende twee trofees gewen: Die Manie Fourie Wisseltrofee vir die tweede meeste punte verdien vir artikels wat vir die Sierduif geskryf was en die Warren Klopper Wisseltrofee vir die tweede plek as die Streek wat ander Streekskoue die meeste ondersteun het. Shaun het die Streek se lede uitgedaag om volgende jaar te gaan vir beide die eerste twee posisies.

Die Streek het ook twee toekennings, te wete Lid van die Jaar en Vertoner van die Jaar wat ons jaarliks toeken. Die wenners was:

**Lid van die Jaar Toekenning**
Sevanah de Bruin vir haar entoesiasme en positiewe bydra tot die Streek en ons Streekskou.



Hier ontvang sy 'n sertifikaat en die wisseltrofee vanaf Shaun Smeda.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**Vertoner van die Jaar Toekenning**

Nico van der Westhuizen vir sy uitstaande prestasies op Streekskoue en die SA`s gedurende 2025.



Hier ontvang hy 'n sertifikaat en die wissel trofee vanaf Shaun Smeda.

Die nuwe Bestuur van die Streek vir 2026 is:
President / Streekverteenwoordiger:
Tommy Laubscher
Vise-President: Nollie Oosthuizen
Sekretaris / Tesourier en Skou Sekretaris:
Chris de Bruin
Skou Bestuurder: Gerhard van Aswegen
Beoordelaarsbeampte: Wikus van Niekerk
Jeugverteenwoordiger & Bemarking:
Sevanah de Bruin
Addisionele Lede:
Rob Poley, Nando Oosthuizen en Shaun Smeda

Na afloop van die vergadering het ons almal gesellig saam gekuier om die vergadering en die jaar af te sluit.
Ons wens al ons lede 'n Geseënde Kersfees toe en sien uit na 'n Voorspoedige 2026.


Duiwe groete
Chris de Bruin




Lede teenwoordig op die AJV Vergadering: Freddie Theron, Nico van der Westhuizen, Nando Oosthuizen, Willie van Zyl, Shaun Smeda (kruip alweer weg), Cyril Jasper, Wikus van Niekerk, Chris de Bruin, Ruben Kitching, Rob Poley, Rob Lombaard en Tommy Laubscher. Savanah de Bruin het die foto geneem.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *Kleurteling, die veld lê braak!!*

Seppie Esterhuysen

Sommige telers wil meer kleure vestig in ons duifrasse ander steek viervoet vas en weier!! Dit is tipies mens, ons sal altyd verskillende opinies oor 'n saak hê. Ek hou van verskillende kleure in 'n ras en as daar slegs enkele kleure in 'n ras waarvan ek hou voorkom, sal ek graag meedoen om dit te help vermeerder!!

Daar sal verskeie argumente daar teen en daar voor wees. Die daarteen kan redeneer dat dit beter is om slegs te volstaan met 'n paar kleure en die kwaliteit van daardie duiwe te verbeter ipv 'n horde kleure en die kwaliteit van slegs enkele kleur-groepe is op standaard en die res laat veel te wense oor!! En om die argument verder te versterk is die ekstra duiwe wat jy moet aanhou om die beter tipe vir 'n spesifieke kleur-groep te selekteer. Wie kan stry dat die groep nie 'n punt beet het nie!!!

Die ander groep het net sulke geldige argumente!! Moet 'n ras byvoorbeeld net uit 4 kleure-groepe bestaan?? Verbreed die kleure-poel en trek so meer telers. Hoe meer telers hoe gouer kan die standaard van die kleur-groepe bereik word!!

Ekself hou daarvan om nuwe kleure in 'n ras te vestig of te help vestig. Die nuwe kleure moet by ander rasse gaan haal word en dis hier waar sommige telers viervoet vassteek. Opmerkings soos julle boer met kruisings ens. Hulle is doodreg, dit is kruisings, maar sodra die nuwe kleurgroep voldoen aan die rasstandaarde van die spesifieke ras dan is hul nie meer kruisings nie, maar ras-eg, enigiets vanaf F4 of F5. ( bv F3 = 1/8 vliegduif + 7/8 runt, F4 = 1/16 vliegduif + 15/16 runt). Ons moet onthou dat die kleure wat ons vandag as standaard aanvaar in 'n ras baie, baie jare gelede nie so was nie!!!! Daar was dalk net 1 of 2 kleure!!! Deur kruisings met ander rasse is meer kleure gevestig en dis presies wat ons vandag ook doen deur dit by ander rasse te gaan haal!!!

**Kan die kleure te opsigte van tipe ooit meeding met die standaard kleure? Ja, hulle KAN en hulle HET al wenners opgelewer op skoue!!**

Ek was/is al betrokke by 3 rasse om nuwe kleure te help vestig naamlik by German Beauty Homers, Runts en Modena's.

**German Beauty homers:**
**Swart almond.**

'n Klompie jaar gelede het ek ook GBH's aangehou, maar later laat gaan as gevolg van hokspasie. Die blou gebalk, blou check en swart beskik oor die potensiaal om met 'n addisionele kleurgeen iets moois te skep!! Ek het die almond-faktor by modena's gaan haal. Ek wou graag 'n Classic almond teel met die GBH's, maar hiervoor benodig jy ook ressesiewe rooi, dit was/is nie in ons land beskikbaar nie, dit gee daardie mooi geel/bruin grondkleur!!! Ek het probeer, maar die grondkleur was by almal te lig, amper wit!!! Ek het die almond geen toe oorgedra na swart.



Die duif het 'n witterige grondkleur met swart vlekkies. Soos die duif ouer word, word die duif al swarter!

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**Blou gebalk qualmond.**
Die faktor het ek by vliegduiwe gaan haal.



Ongelukkig het ek toe my GBH's verkoop en die tipe van die kleur-groep was nog nie op standaard nie!! Ek sien deesdae check qualmond GBH's op skoue, dalk is dit afstammeling van die duiwe of dalk was 'n ander teler ook met die kleurprojek besig.

**Blou opal.**
Die faktor het ek ook by vliegduiwe gaan haal. Op die SA's van 2016 is 'n blou opal aangewys as die beste GBH!!! .




Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub



President: At van Jaarsveld
e-mail: atvanjaarsveld@gmail.com
Sel: 072-368-1214

Sekretaris: Jay-Dee Conradie
e-mail: jdconradie82@gmail.com
Sel: 0810417950

Augustus 2025



**Uil & StrikduifKlub**

*Spesialiteitsklub vir:*
*Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)*

**President : Shaun Smeda - 072 190 0345**
**Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496**
**leendert270@gmail.com**

Augustus 2025

**Runts:**

As jy na die skoukatalogus kyk sal jy gou besef dit is basies net gebalk, geruit, selfkleur, mottle en grizzle. Byvoorbeeld alle gebalkte duiwe word in een kleurklas geskou. Geen aanmoediging om nuwe kleure te teel nie, onthou die nuwe kleur moet nou kompeteer met ander gevestigde kleure in dieselfde klas. **Interessante brokkie: (Alhoewel asrooi, mealy en rooi geruit, die mees dominante kleur is, is dit skaars, maar veral rooi geruit!! Dit bly vir my 'n onbeantwoorde vraag waarom asrooi, veral rooigeruit, se getalle so min is!! Asrooi is dominant ten opsigte van die 3 basiese kleure, naamlik asrooi, blou en bruin!!! Ten opsigte van patroon, is geruit (check) dominant oor gebalk (bar). Waarom is daar geen rooi geruite runts op skoue nie!!)**

**Swart qualmond.**

Die qualmond-faktor het ek by vliegduiwe gaan haal. Die paring was 'n verrassing, 'n runt mannetjie met 'n vliegduif wyfie, ja dis moontlik!!! Die lyk baie na dun geruit (check). Tydens die SA's van 2023 is die duif aangewys as die beste runt.





**Blou geruit qualmond**.

Qualmond maak die blou sagter en die geruit (swart) 'n ligte ligte bruin. Oor die algemeen 'n sagte perlemoen-kleur. Tydens die SA's van 2025 is die duif aangewys as die beste runt.



**Blou gebalk qualmond.**

Hierdie is MOOI!! Hierdie is 'n foto van 'n baba, maar kyk die mooi sagte blou met die ligte bruin skakering van die balke.



**Swart almond.**

Swart is 'n algemene kleur in runts. Ek het die almond-geen by vliegduiwe gaan haal en oorgedra na die runts. Die duif op die foto is 'n F2 swart almond, die eerste F3 swart almond kuiken is so pas gespeen.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



Swart almond.

**Classic almond.**

Die vliegduif wyfie



is die ma van die kleur projek. 'n F1 almond mannetjie is uit haar geteel en die eerste F2 kuiken is gespeen. Ek sien uit na die dag dat ek daardie eerste Classic almond runt kan gaan skou!! Gee my nog so 'nklein tydjie!!!

**Creambar.**

Ek het nog geen creambar of geel geruite runts gesien nie. Die vraag is hoekom teel mens dit nie!! Om dit te doen moet jy iewers 'n verdunnings-geen kry!!! Dit het ek by 'n blou runt mannetjie gekry. Twee rooi geruite gros mondain mannetjies wat split vir verdunning het die asrooi geen gebring. Dit, tesame met 'n bietjie genetika-kennis is ek nou by F3, tans 2 kuikens op die grond!!! .



Om spesifieke kleure te teel het mens tog so 'n klein bietjie kennis oor genetika nodig!! Jy moet darem weet watter kleure is dominant en watter resessief. Is die kleur/geen geslagsgekoppel dws op die geslagschrosome of word dit op die outosomale chromosome gedra. Kleurteling is nie 'n **alleen-projek nie,** jy soek mede-telers om te help om getalle te vermeerder en so die kwaliteit van die kleurgroep te verbeter!! So kan ons die kleurklasse in die skoukatalogus vermeerder, meer telers kry wat belangstel en so die kreatiwiteit van ons duiweboere tentoonstel!! Almal wat in sulke projekte betrokke is, hou aan, kry ander lede om te help, dit hou die stokperdjie lewendig en interessant!!

## VREEMDE, MAAR WARE KERSVERHAAL. (KINDER-VRIENDELIKE GETUIENIS)

*'Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is vergete voor God nie... Luk 12:6*

Dit was Kersdag. Ons kerksaaltjie was vroeg oopgesluit vir die Kersdiens wat om 8uur die oggend sou plaasvind. Toe die eerste gemeentelede net na halfagt opdaag, ontdek hulle dat hulle nie die eerstes in die saal is nie. 'n Goudgeel budgie het besluit om die diens ook by te woon. Waar hy vandaan kom, weet nugter.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Altesaam het 29 mense en ‘n budgie vir die Kersdiens opgedaag. Een van die dames het behendig die voëltjie gevang en in ‘n appeldoos gehou vir tyd en wyl. Na die diens wou ons nie die budgie loslaat nie. Hy sou nie oorleef nie. Een van ons gemeente broers, Dirk bied toe aan om die budgie na sy werk toe te neem aangesien hulle daar ‘n voëlhok het en die budgie saam met die ander versorg sou wees.

TOE DIRK BY DIE WERK KOM, ONTDEK HY DAT NIEMAND NA DIE VOëLS OMSIEN NIE! Meer as 20 voëltjies sit toe daar sonder ‘n druppeltjie water in die trog! Die werksmense keer eers in Januarie terug werk toe!

Onmiddellik het Dirk water in die trog begin tap. Die voëltjies het mekaar byna vertrap om eerste by die water uit te kom. Daar was genoeg saad vir hulle maar nie genoeg om hulle tot in Januarie deur te sien nie.

Die dag na Kersfees het Dirk weer werk toe gery om na die voëls se welstand om te sien. Hy het gereël dat iemand daagliks na hulle sal kyk terwyl hyself ook ‘n oog gehou het. Die budgie het ‘n tuiste gekry.

Ek het oor hierdie gebeurtenis nagedink. Kan voëltjies bid? Kan diertjies met God kommunikeer? Op Kersdag was daar, 30km van ons af, ‘n hok met meer as 20 voëltjies wat van dors versmag het. Geen mens het daarvan geweet nie. Daar was geen hoop dat iemand vir hulle water sou gaan gee nie. Daar was niemand nie. Dis net toe dat daar ‘n snaakse ding gebeur.

Jesus stuur ‘n goudgeel budgie na sy Huis toe, waar ons juis op Kersoggend bymekaar is. Hy beskik iemand wat die budgie na ‘n plek van versorging sou neem. Wat sou die eienaar dink om tussen die rooi, blou en groen voëls ‘n enkele goudgeel budgie opmerk wat nie voorheen daar was nie.

Watter verhaal sou die budgie kon vertel! So het dit gebeur dat een budgie se teenwoordigheid by ‘n Kersdiens, lei tot die redding van baie voëltjies se lewens...
2 000 jaar gelede het die Seun van God aarde toe gekom tot ons redding. Hy wat die Brood van die lewe en die lewende water vir ons mense kom bring het.

Ek weet nog steeds nie of voëltjies kan bid nie, maar die Woord van God verseker ons dat nie een van hulle voor God vergeet is nie. ‘n Goudgeel budgie het my opnuut herinner aan God se groot genade teenoor elkeen van ons.... *moet nie bang wees nie, julle is meer werd as baie mossies Matt 10:31*




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420




National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Suid-Afrikaanse Homer Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Huidiglik vakant

Augustus 2025



# SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub


S.A WATTLE CLUB

**President: Bertie Wessels**
**e-mail: bertie_wessels@hotmail.com**
**Sel: 083 733 4191**

**Sekretaris: Ds Hennie Hattingh**
**e-mail: henniehattingh703@gmail.com**
**Sel: 082 923 3910**

**Prestigeskou** Augustus 2025

3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad



sluit aan by ons...

SA FANTAIL CLUB
WAAIERSTERTKLUB

# Kontak:

Danie
Sel: 072 585 4028

Abraham
Sel: 071 600 1990

# Bankovs and Manie Fourie Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.

**NB Any member who obtain a R1000 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R300 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) Contact Ringmaster**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. ‘n Leersame/feitelike artikel deur ‘n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. ‘n leersame artikel vanaf ‘n ander bron wat net deur ‘n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. ‘n Brief van ‘n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. ‘n Verslag oor ‘n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien ‘n verslag saamgestuur is.
7. ‘n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. ‘n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.

**NB ‘n Lid wat ‘n R1000 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | |
|---|---|
| **1. North-of-the-Vaal:** | **1950** |

**Manie Fourie Trophy**

| | |
|---|---|
| **1. Eastern Region:** | **1274** |
| **2. Northern Freestate:** | **1354** |
| **3. South Western Districts:** | **600** |
| **4. Northern Cape:** | **900** |
| **5. Western Transvaal:** | **750** |
| **6. Freestate:** | **450** |
| **7. Eastern Province:** | **150** |
| **8. KwaZulu-Natal:** | **0** |
| **9. Western Cape:** | **0** |

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**